## DIE ESSENSIE VAN NEO-SPEKTRUM:

Hier erken ons dat die KRAG wat in ons is nie van ons is nie
Hier ontmoet ons 'n God wat LEWE en LIEFDE is
Hier laat ons 'n GELOOFWAARDIGE stem hoor
Hier word alle mense MENSWAARDIG behandel
Hier is ruimte vir ANDERSDENKENDES
Hier gee 'n wysheidsirkel aan elkeen 'n STEM
Hier is geen VERWYDERING of VEROORDELING nie

## KONTAKBESONDERHEDE


Terblanche Jordaan
Tel: 083.460.45.45
terblanche1@telkomsa.net


**Webblad:** www.neo-spektrum.com
**Facebook:** Neo-Spektrum
**Leierspan:** Almal se insette welkom

## KERSDIENS

Bring asseblief jou vriende en familie

25 Desember 2012

## BESONDERHEDE VIR EPOS NUUSBRIEF EN SMS TEMA

**Naam en Van**

________________________________________

**E-Mail**________________________________ **Sel**____________________

**Woonadres**

________________________________________

## ADRES

Vanaf N1 ± 8km tot by sirkel en uit in Koebergweg — tweede straat regs is:

Biccard Straat (Kolping Centre is aan jou regterkant)

Durbanville

| **Bankrekening vir bydraes** | **BAIE DANKIE** |
|---|---|
| **FNB: Wysheidsirkel** | Ons vra vir 'n maandelikse bydrae |
| Takkode: **201-409** | hetsy per koevert of per EFT |
| Rekening: **551 601 09804** | **Groot ASSEBLIEF en BAIE dankie** |



# Neo-Spektrum

## 25 November 2012

## DROME REFLEKTEER ONS VERLEDE IN ONS HEDE EN NIE ONS TOEKOMS NIE

## STILTE IN DIE KAPEL

~ RIVER OF DREAMS — HAYLEY WESTENRA ~

## IN DIE TEENWOORDIGHEID VAN GOD

Iewers is daar nog 'n plek van vrede;
iewers is daar aan die wilde kus
'n oord van rus —
iewers in 'n land van lank gelede,
waar alles oud en onveranderd is.
Elke dag beloof 'n nuwe hawe
telkens is daar vaste grond in sig
'n oggendlig.
Elke aand word elke droom begrawe,
maar dan,
een môre,
keer die stemme terug;
sien ek,
met oë omhoog gerig,
'n visioen,
'n vergesig:
'n sterrebrug!
'n land van lig!

(Koos du Plessis — Stemme in die môre)

## STILTE VAN BINNE

~ ONE MAN'S DREAM — YANNI ~

# STILTE VAN BINNE

## GESPREKSIRKEL

Vir die antieke mens was drome voorspellings, vermanings en teregwysings oor die toekoms. Joodse tradisie sterk beïnvloed deur die Babiloniese en Egiptiese siening dat drome deur God (gode) gemanipuleer word. Grieke het droom-orakel-altare waar mense insig kon kry deur god van drome (Hypnos) wat uitkoms en verklarings gee. Plato beweer dat drome gesetel is in jou lewer en net sommige drome toegesê kan word aan gode. Aristoteles gee eerste tree tot moderne beskouing dat drome niks anders is as visioene en beïnvloed deur omstandighede en sintuie. In Indië is geglo dat die mens sy liggaam verlaat tydens 'n droom na vlakke van bewussyn buite die liggaam. Freud publiseer ***The Interpretation of Dreams*** as onderdrukte behoeftes, begeertes en verwagtinge – m.a.w. die projektor van die ego onderbewussyn. Jung sien drome as **argetipes & projeksies van die 'self'** (kollektiewe bewussyn) waar ons droom al is ons wakker maar onbewus is dat ons droom.

### ° PROJEKSIES OOR 'N VERLEDE: LAAIE VAN ONS GEHEUE

*1. Wyse (ouer) man / vrou met outoriteit (doktor, priester, onderwyser, vader/moeder) Mana persoonlikheid is nie goddelik nie. Bring wysheid, insig, raad en waarheid.*
*2. Verleier / Verleidster is die spieëlbeeld van myself. Die nar wat homself verlei — die persoon wat jou EGO koggel en speletjies speel deur jou gebeure in jou droom te ontbloot as "schemes & tricks" hierdie persoon "wen" altyd in die droom want dit wys op jou ydelheid en onvermoë om te kan oordeel of onderskei.*
*3. Die Persona is die masker wat ons dra vir die wêreld daarbuite. Die Persona word gevaarlik as ons TE sterk daarmee identifiseer of assosieer. Naaktheid in 'n droom is gewoonlik 'n manifestasie van dat 'n mens jou Persona verloor het.*
*4. Die Skaduwee (nie Spieëlbeeld) is dit wat jy graag wil wees. Dis primitief en instinktief en gewoonlik 'persoon van dieselfde geslag en/of vreemdeling in jou droom.*
*5. Die kind in jou droom is die een wat onskuld het, ontvanklik en oop vir kreatiewe impuls. Die kind besit geweldige krag vir transformasie en nuwe lewe (geboorte).*
*6. Die Anima & Animus manifesteer as persoon wat jy herken en verteenwoordig die manlike of vroulike (gewoonlik jong man of meisie) in jou.*
*7. Die Groot Moeder word feitlik deur alle sielkundiges gesien as die Goddelike en verteenwoordig jou oorsprong wat geboorte gee aan kreatiwiteit en voortplanting. Freud en Jung het albei gesinspeel dat 'n gebroke verhouding met jou moeder lei tot 'n gebroke verhouding met God en dit manifesteer sterk in jou onderbewussyn.*

### ° SIMBOLIESE TAAL AS SPIEËLBEELDE VAN GEBEURE

### ° DROME OOR ONS ASPIRASIES, VERLANGE EN WENSE

*"People think dreams aren't real just because they aren't made of matter, of particles. Dreams are real. But they are made of viewpoints, of images, of memories and puns and lost (and found) hopes."*
***Neil Gaiman***

# FOR WHAT YOU GIVE, YOU BECOME !!

~ I Dreamed a Dream — Susan Boyle ~

---

## HERINNERING EN SEËNBEDE

Here God seën ons, in Afrika,
Laat U mag tot in die hemel reik,
Hoor ons as ons in gebede vra,
Seën ons in Afrika, Kinders van Afrika.
Daal neer O Gees, Heilige Gees,
Kom woon in ons, lei ons, O Heilige Gees.
Hou U hand O Heer oor Afrika,
Lei ons tot by eenheid en begrip,
Hoor ons as ons U om vrede vra,
Seën ons in Afrika, Kinders van Afrika.
Here God seën ons, in Afrika,
Neem dan nou die boosheid van ons weg,
Maak ons van ons sonde ewig vry,
Seën ons in Afrika, Kinders van Afrika.

(Oorspronklike vertaling van Nkosi Sikelel' iAfrica)

---

## AS ONS UITSTAP

~ The Prayer — Jonathan & Charlotte ~

